Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Liewe lesers,

Christus het ons geleer om te bid. Maar wat is bid? Bid is vra vir God vir dinge wat jy nodig het. Ook moet ons die Here verheerlik en Hom dank vir wat ons van Hom ontvang het. Maar vra ons nie baie keer meer as wat ons dankie sê nie? Want sodra ons iets gekry het van die Here raak ons gewoond daaraan en sien ons maar weer die volgende dinge wat ons mis. Dit kan selfs só erg raak dat ons net gefokus raak op wat ons mis en die Here kwalik neem as Hy dit nie gee nie. Dan begin 'n mens dink, help dit nog wel om te bid? Jy het al baie gebid vir die Here om iemand gesond te maak, maar hy of sy bly siek. Miskien het jy al honderd keer vir die Here gevra om jou hartseer en verdriet weg te neem, maar dit voel of die Here jou gebed nie hoor nie.

As ons met so 'n gedagte begin bid is ons besig om die Here voor te stel as 'n masjien. Jy gooi geld in en die masjien gee direk vir jou dit wat jy wou hê. Maar dit is gelukkig nie hoe ons Here is nie. Ons mag weet ons Here is 'n Vader. Hy weet wat ons nodig het en wat die beste vir ons is. Wat is dan beter: om alles te kry wat jy vra, of te weet dat ons 'n Vader het wat na sy kinders omsien en vir hulle versorg en sy lewe vir jou gegee het?

Deur dit raak te sien begin jy ook in jou lewe al meer dankbaar lewe. Die Here sorg en sal ook op die tyd wat Hy dink dit goed is, vir jou gee wat jy nodig het. Gee dít nie 'n groot troos in jou lewe nie? Om te dink dat niks met jou sal gebeur nie, tensy dit die Here se wil is. Partykeer is dit moeilik om te aanvaar, veral as ons klaar ons toekoms bepaal het en God tog 'n ander plan het vir ons lewe.

Hierdie uitgawe gee ons ook weer 'n wonderlike sig oor die erediens, verhoudings en nog vele meer. Laat ons ook altyd besef dat ons mekaar ook deur hierdie blad mag opbou in die geloof en ons mekaar mag versterk teen die versoekings van Satan.

Geniet die uitgawe.

Namens die Pretoria Maranata-redaksie
Linda de Vente

Jaargang 8 nr 6, September 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Psalm 1	2
Op Pad	**4**
Die Erediens	4
V = B + B + B	6
Verhoudings	7
Voel Jy Ook So?	**8**
"Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges …"	8
Deur Die Sleutelgat	**9**
Voetspore	**10**
Voetspoor	10
Nog Iets	**11**
PA Vergeet	11
Gedigte	**12**
neem heel mijn leven	12

PSALM 1

Jan Geerts

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie."

Wie van ons hou nie van gelukwensings nie? Almal hou mos daarvan om geluk gewens te word, byvoorbeeld wanneer jy verjaar of jou eksamen geslaag het.

In Psalm 1 het ons ook met so 'n gelukwensing te doen. Hier gaan dit nie oor 'n besondere *geleentheid* nie, maar wel oor 'n heel besondere *persoon*. Hier lees ons 'n gelukwensing aan die regverdige.

Hierdie gelukwensing is meer as net 'n wens. Die psalm wil nie slegs iemand geluk toewens nie; hierdie psalm kom stel 'n feit. Gelukkig **is** die regverdige, wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan in die weg van die sondaars, wat nie sit in die kring van die spotters nie. Hierdie gelukwensing gaan ook nie sommer so verby ons nie, want dit kom van God sélf.

God noem sy vroom kinders gelukkig

Wáárom sou God sy vroom kinders hier so gelukkig noem? Die belangrike rede is dat ons dit nodig het. Hierdie gelukwensing kom as 'n aanmoediging vir die kinders van die Here om werklik vroom te wees. 'n Aanmoediging om lief te wees vir die Woord van die Here.

Gelukkig is jy as jy nie met die spotters saamgaan of met die goddelose en die sondaars nie. Ons lewe in 'n tyd waarin die goddelose mense juis gedurig met die vroom kind van God spot. So lees ons byvoorbeeld in 2 Petrus.

Hulle wat die Here werklik wil dien, word belaglik gemaak. Hulle word as outyds voorgestel. Die een wat werklik vroom wil leef in 'n tyd van goddeloosheid, word ontmoedig. Waarom sal jy jou so druk maak
oor die Woord van die Here?

Wie is hierdie persoon wat die Here so gelukkig noem? Dit is die persoon wat hom onderskei van die goddelose en die sondaar en die spotter. Soos Paulus aan die gemeente van Efese skryf: Julle is totaal anders as die goddeloses. Ja, daar is mense wat spot, daar is mense wat goddeloos is, maar julle het Christus nie so leer ken nie. Júlle is heeltemal anders. Die een wat God self dus gelukkig noem is anders. Die een wat in Christus glo is uitkenbaar, want hy **is** anders as die goddelose.

Wie is die goddelose en die spotter?

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Tanya de Vente tanyadevente@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger – Anja Luijk
Teksversorging - Sandra Zielman
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Wie is hierdie mense van wie hy hom onderskei? Wie is die mense met wie die regverdige vergelyk word? Wie is hierdie spotters, hierdie goddeloses?

Hulle word dikwels gesoek in die flieksale, die kroeg, op die dansvloer of in die disko. Dít ook ja. Natuurlik is daar geen plek vir 'n Christen om sy plesier daar te gaan soek nie. Dit is vanselfsprekend. Maar híerdie psalm wil níe in die eerste plek wys na die flieksale nie.

Hierdie psalm wys na kerkbanke. Dáár is die goddeloses te vind. Wie was die goddeloses in die Ou Testament? Was dit die volkere rondom Israel? Was die goddeloses die Filistyne, die Moabiete, die Amelekiete?
Nee, dit is nie iemand wat glo dat daar glad nie 'n God is nie, maar die goddelose is die een wat sê dat God nie sien hoe ek leef nie. Dit is die een wat heel fatsoenlik voor mense leef, wat in die kerkbank kom sit, maar wat sê: God weet nie wat in my binnenste aangaan nie. God is nie 'n lewende God nie. Dit is die persoon wat, as hy swaarkry, in sy
lewe sê: God sien nie wat met my gebeur nie; dit is die persoon wat mopper en kla oor sy daaglikse bestaan, oor sy lae inkomste.
Die goddelose oorweeg dit nie dat God toornig word oor ons sondes nie.

Die Filistyne het nie eers vir God ter sprake gebring nie. Die goddelose was in die vergadering van die volk van God. Hy is 'n meeloper in die gemeente. Die goddelose se raad is dus nie die gedagtes van die heidene nie. Dit was die raad van die Israeliet, wat God nie ernstig opgeneem het nie.

Hulle het die voorkoms van Christene
Ja, hulle lyk soos Christene, maar het die krag van Christenskap verloën. Hulle is deel van die gemeente, maar van die krag van die geloof is niks sigbaar in hulle lewe nie. Paulus waarsku Timótheüs, jy moet jou van sulke mense afkeer. Moenie sit in die raad van die goddelose nie.

Is dit nie dikwels die persoon wat godvrugtig wil lewe, selfs in die gemeente van Christus, wat voel dat hy 'uit' is nie? Maar die persoon wat net vir homself wil lewe is die een wat gemaklik voel in die gemeente.

Die waarskuwing kom in hierdie psalm soos wat dit in die Nuwe Testament na ons toe kom: moenie deel wees van die raad van die goddeloses nie. Waarom moet die kinders van God in die gemeente van God vreemd voel? Hy wat werklik die Here wil dien, voel asof hy na 'n ander plek moet gaan.

Die goddeloses sit dus nie daar ver op die fliekbanke nie, hulle sit in die kerk. Mense wat op die oog af so vriendelik is. Mense wat so gereeld die jeugvereniging bywoon. Maar as jy met hom of haar wil praat oor die krag van die evangelie in sy of in haar lewe, dan is daar ewe skielik weerstand. Weerstand wanneer God se Woord in daardie persoon se lewe ter sprake kom. Dan is die reaksie: wie is jy om vir my te kom sê; dit is my privaat lewe.

Dan word daar geantwoord dat ons tog nie al te vroom moet probeer wees nie. As God ons roep tot vroomheid, wees vroom. Doen dit met blydskap. Jy is die gelukkige, sê God.

Vlug weg van daardie raad wat vir jou sê: moenie nou al vroom wees nie, jy is nog jonk. Die kerkraad sal eers oor vyf jaar na jou kyk om jou te oorweeg as diaken. Leef intussen soos jy wil.

Wanneer die raad van God se Woord sê: wees dankbaar vir wat jy het, dan is die raad van die goddelose: kom ons steun en ons kla, want ons kry tog almal so swaar. Judas noem die goddeloses: hulle wat in die gemeente sal insluip en die genade van God verander in losbandigheid. Die hele boek Judas is 'n waarskuwing teen die goddeloses wat juis in die gemeente is. Hulle sluip in in die gemeente van Christus. Ons sien dit in die Ou Testament. Die volk van die Here word uit slawerny gelei en wat gebeur in die woestyn? Die murmureerders begin om te sê: waar is die vleis, waar is die ui, prei, die knoffel van Egipte? Dis tog so moeilik om vandag deel te wees van die kerk van Christus.

Wie is hierdie sondaars?
Maar gelukkig is jy ook as jy nie staan op die weg van die sondaars nie. Wie is hierdie sondaars? Sekerlik die prostitute, die dobbelaars, die dronkaards? Nee, die sondaar staan in die Ou Testament bekend as die wat, wanneer die Here sê: "wees heilig, want Ek is heilig" in alle vroomheid antwoord: maar ons is tog almal sondaars?

Die woord sondaar word in die Skrif in hierdie verband nie gebruik vir iemand wat in sonde ontvang en gebore is nie en nie vir die persoon wat erken dat hy uit homself niks goed doen nie, maar nogtans God se wet liefhet en dit ook doen nie. Die sondaar, die goddelose, is die een wat nie volgens die verbond van God wíl leef nie. Dis die een wat nie van God die krag van die Heilige Gees wíl hê nie

om teen sy sonde te stry en daarteen te veg nie. Bekeerde sondaars word in hierdie psalm heiliges,vromes, gelukkiges genoem.

En die spotters?
En die spotters? Dit is hulle wat in die gemeente dit as belaglik voorstel dat jy geen TV in jou huis het nie. Dit is die een wat dit vreemd vind dat jy as jong meisie en vrou nie agter die mode aanloop en jouself onkuis aantrek nie. Dit is jou medekatkisant wat dit belaglik vind dat jy nog luister na pa en ma, wat sê hoe laat jy moet inkom. Wat? Jy is al in graad 11 en jy luister nog wat hulle sê hoe laat jy by die huis moet kom! Jy's matriek, en jy luister nog wat hulle sê?

Die spotter is die een wat dink dit is belaglik dat ons 'n jeugkongres sonder drank kan hê.
Die spotters is hulle wat dit vreemd vind dat die gemeente moet uitblink in 'n heilige lewe en in godsvrug, omdat ons die koms van die Here verwag. 2 Petrus 3 waarsku ons teen die spotters van hierdie laaste dae.

Die regverdige
Die regverdige in Israel het hom nie êrens in 'n klooster gaan toesluit nie. Hy het hom nie onttrek aan die samelewing nie, maar die raad van die goddeloses was nie sy raad nie.
Die vriendekring van die spotters was nie sy vriendekring nie. En dit het niks te doen met selfverheffing nie. Dit het niks te doen met 'n gedagte van ek dink ek is beter nie. Nee, maar hy weet die weg van die sondaars is die eerste tree op pad uit die kerk uit.

Hy weet dat in die kring van die spotters die gemeente uitmekaar geskeur word, omdat die mense nie vroom wil lewe nie, omdat hulle dit belaglik vind. Hy kies daarom nie daardie weg nie. Nie omdat hy beter is as ander nie, maar omdat hy God se Woord so liefhet. Hier word daarom twee lewensuitgangspunte teenoor mekaar gestel. Die lewe van die spotters, die goddeloses en die sondaars teenoor die lewe van die gelukkige wat lief is vir die Here en vir sy Woord.

Die Bybel is nie vir so iemand 'n stofferige ou boek met ou geskiedenisse nie. Hy lees daarin en bestudeer dit. Dit is vir hom 'n plesier. Hy wil luister na die ondinkbare geduld van die Here met die mensdom, toe hulle nie totaal vernietig is in die tyd van Noag nie. Hierdie Woord van die Here wil hy oordink dag en nag, as hy lees van God se onbeskryflike groot trou aan sy belofte aan Adam en Eva, aan Noag, aan Abram, in so 'n mate dat ek vandag 'n kind van Abraham genoem kan word wanneer ek glo.

Dit is vir hom 'n lewendige vertelling van 'n God wat lewe, wat daar is, wat my weg sien, wat op my weg met my gaan. 'n God vir wie my bekommernisse nie verborge is nie, wat my trane síen. Hy ontmoet daardie God in die Skrif. Hy ontmoet die God wat my sondes wil vergewe, wanneer ek swaar gesondig het, maar nie daarin wil bly lê nie.

Hy lees die Woord. Hy oordink dit. Hy het 'n behae daarin. Hy verlustig hom daarin. Hy oordink dit dag en nag. Wat 'n God het ek nie! Daarom noem Jesus sy volgelinge gelukkig wanneer Hy sê: Gelukkig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Verwerking van preek van ds. E. Viljoen gelewer
27 Junie 1999

DIE EREDIENS

Erik-Jan Moes

Ons almal is bewus van die feit dat die erediens 'n sekere struktuur het, 'n sekere vaste patroon waarvolgens dit verloop. Ons weet na die votum en seëngroet volg die sing van 'n psalm, waarna in die oggenddiens gewoonlik die Tien Gebooie voorgelees word. Het ons al nagedink waarom dié spesifieke volgorde van gebeure plaasvind en wat elkeen

beteken? Dit is onmoontlik om die hele liturgie, waar liturgie hier verstaan word in die sin van die vorm of orde van die erediens, in een artikel weer te gee. Om hierdie rede gaan ons in hierdie artikel net hoofsaaklik kyk na die votum en seëngroet.

Ons kan onsself die vraag afvra waarom hierdie ordelike patroon Sondag na Sondag nagevolg word. Paulus sê aan die Korinthiërs in 1 Kor. 14:33: "want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges." Sien ook 1 Kor. 14:40. God wil gedien word, maar dan op ordelike wyse. Hierdie ordelikheid in die erediens beteken dat die gemeente bekend en vertroud is met die orde, dat hulle dit verstaan en sinvol daaraan kan deelneem.
Ons kyk vervolgens na die doel en betekenis van onderskeie gebeure in die erediens.

Die Votum
Dat die erediens met die votum begin word, is geen vanselfsprekende ding nie, en daar skuil 'n hele geskiedenis van sinodes agter. In die Switsers-Duitse orde begin die diens nog met die seëngroet (ons kom nou-nou daarby). Is hierdie volgorde van gebeure dan só belangrik? Maak dit nie meer sin om met die seëngroet te begin nie? Wanneer mense byeenkom, groet ons tog eers mekaar? Sou dit ook nie gepas wees om die erediens só te begin nie? Hierdie groet onderling teenoor mekaar kan egter voor die diens gebeur. Die seëngroet is ook nie 'n groet onderling tussen gemeentelede nie, maar is 'n groet van die Here teenoor sy gemeente. Om die diens met die seëngroet te begin, kan die gevaar inhou dat dit sou afwater na 'n soort van "goeie môre" tussen die voorganger en gemeentelede. Hier word dan ook die erkenning gemis dat alles met God begin. Hierdie gebruik dat die erediens met die votum begin word, gaan terug op die liturgie van Basel en die Sinode van Dordrecht in 1574.

Ps. 124:8 "Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak
het."

Omdat die erediens die gesprek tussen die Here en sy gemeente is en dat deur hierdie gesprek die wonderlike ontmoeting tussen die Here en sy gemeente plaasvind, is dit nodig dat dit op 'n verantwoordelike wyse begin. In hierdie dialoog is dit die Here wat die inisiatief in die erediens neem en reeds aan die begin van die erediens moet die aksent val op God as die senterpunt van die byeenkoms. Die votum, wat "gelofte", "wens" of "verlange" beteken, bring reeds aan die begin van die diens uit dat alles begin by en met God en alles van Hom afhang en op Hom gerig is. Die gemeente is in alles en vir alles in totale afhanklikheid van die Here. Hierin kom ook uit dat die samekoms van die gemeente offisieel is. Die gemeente gee deur die votum duidelik te kenne dat alles wat ons doen, geskied alleen omdat die Here dit skenk en altyd weer moet skenk. Die gemeente bely nie alleen dat die Here die gesprek begin en moontlik maak nie, maar gee ook te kenne dat sy tot God se beskikking staan, sy wil wil doen en soek om aan Hom die eer te bring.

Bostaande aanhaling uit Ps. 124:8 is nie die enigste votum wat gebruik hoef te word nie. 'n Ander een wat somtyds gebruik word, is Ps. 121:1,2. 'n Votum behoort uit die Skrif self te kom en behoort die sentrale woord van die Skrif op 'n pakkende wyse tot uitdrukking te bring. Al die ander verskillende moontlikhede wat reg laat geskied aan die votum, moet sorgvuldig gekies en vasgestel word.

Die Seëngroet
Die seëngroet volg direk na die votum. Dit is nie maar net 'n persoonlike groet van die voorganger aan die gemeente nie, maar is die groet wat hy namens die Here aan die gemeente mag oorbring. Deur hierdie groet maak die Here dit bekend aan die gemeente dat Hy kontak wil soek met sy gemeente en tot hulle wil spreek. Hy gee aan die gemeente die versekering van sy genade en vrede. Dit dien as versekering dat die Here hierdie gesprek met sy gemeente wil voer en dat Hy op sy eie en besondere manier met sy seën en genade teenwoordig is.

Die seëngroet moet nie verwar word met die seën aan die einde van die diens nie. Die seëngroet is nie 'n gebed nie en ook word nie albei hande deur die ampsdraer opgelig soos by die uitspreek van die seën aan die einde van die diens nie. Omdat dit 'n groet is, hef die ampsdraer gewoonlik sy regterhand op soos by 'n groetgebaar. Wie mag hierdie (visuele) groetgebaar gebruik? In die Vrye Gereformeerde kerke word slegs die ampsdraer, hetsy predikant, ouderling of diaken toegelaat om sy regterhand op te lig by die uitspreek van die seëngroet. Indien iemand uit die gemeente die diens sou lei, is daardie

persoon nie geoorloof om sy regterhand op te lig nie.

Een van die bekende aanhalings uit die Bybel wat vir die seëngroet gebruik word, is Openb. 1:4,5 wat lui: "Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde!"

'n Ander aanhaling wat somtyds gebruik word, is Rom. 1:7: "Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!" Soos julle miskien opgelet het, is dit telkens die groet aan die begin van Nuwe Testamentiese briewe wat gebruik word vir die seëngroet.

Watter houding hoort by die aanhoor van die seëngroet? In elk geval 'n aandagtige en eerbiedige houding, en om hierdie rede gaan staan ons by die seëngroet. As ons iemand ontmoet, is dit tog ook goeie maniere om te gaan staan om die persoon te groet. Met hierdie houding wil ons die nodige respek en eer betoon aan ons Vader in die hemel.

Ons het in hierdie artikel net stilgestaan by die votum en seëngroet. Daar is nog heelwat ander aspekte in die erediens wat bespreek kan word, of selfs by hierdie artikel bygevoeg kan word. Dit sou goed wees as ons in 'n toekomstige uitgawe hierdie tema voortsit. Dit is immers belangrik om te weet waarom ons eredienste hou soos ons dit vandag hou en van watter betekenis elke gebeurtenis in die erediens is.

V = B + B + B

Vergeet die "God-is-liefde"-mode. Ja, God is onverstaanbare liefde. Maar Hy is in die eerste plek die Almagtige wat alles doen vir sy eie eer en heerlikheid. Ja, Hy betoon liefde aan sy kinders, die gelowiges, onder meer deur hulle van die ewige dood te red, deur hulle te lei in hulle lewens, deur hulle vas te hou teen alle aanslae van die Satan. Maar Hy haat alles wat teen sy wil is, die sonde, en wreek Homself op die ongelowiges deur hulle tot die ewige dood te veroordeel.

God is regverdig, maar nie op ons terme nie. Hy is regverdig en barmhartig deurdat Hy die sondes van sy kinders vergewe, maar nie die sondes van ongelowiges nie.

Hy het 'n ewige verbond met sy kinders gesluit: As julle in My glo, dan sal Ek julle vashou, seën en red. As julle nie in my glo nie, dan verwerp Ek julle. Wat is hierdie verbond met die Here? Dit is nie 'n kontrak tussen twee gelyke partye nie; dit is ook nie 'n afspraak tussen God en die mens nie.
Dit is 'n eensydige bepaling van die Here aan die mens om Hom te dien en te vrees. Dit is 'n ooreenkoms tussen die groot en almagtige Koning en sy onderdane, 'n plegtige verbintenis. Dit kan soos volg in elemente saamgevat word: Verbond = Belofte + Bevel + Bedreiging. En dit is vandag net so geldig as 'n duisend of vyfduisend jaar gelede.

Belofte
Die vernaamste belofte is dat Hy ons sondes vergewe en uit die ewige dood red. Maar Hy het baie meer beloftes gemaak, soos:
* Om sy kinders in en teen alle verdrukking vas te hou.
* Om ons as sy kinders nie meer te beproef as wat ons kan dra nie.
* Om vir ons te sorg in ons daaglikse behoeftes.
* Om te gee wat ons in die gebed vra.
* Om woorde in ons mond te lê as ons van Hom mag getuig.

So kan 'n mens aangaan: Om aan ons wysheid en insig in goed en kwaad te gee in ons hantering van ons lewens, ons medemens en ons omgewing. Om ons in staat te stel om daagliks ons sondige ou natuur af te sterf en as nuwe mense op te staan. En om sy Gees as Instrument te gee om dit alles te bewerkstellig, moontlik te maak.

Bevel
God het die mens met 'n doel op aarde geplaas. Eerstens om Hom te leer ken, te eer en te dien, dus met oorgawe te doen wat Hy wil hê. Om met ons verstand, liggaam en siel in Hom te glo, om aan Hom vas te hou en op Hom te

vertrou. God eis liefde, geloof en gehoorsaamheid.

Dit alles het implikasies: Verkondig sy Woord orals en altyd, "tydig" en "ontydig", in woord en in daad. Doen wat volgens Hom reg is en neem afstand van wat verkeerd is. Soek die liefde. Sorg vir ander mense, veral dié wat arm en behoeftig is. Pas sy skepping op deur dit te bewaar en te bebou. Benut die talente wat Hy jou gegee het op 'n manier wat Hom behaag. Stry teen jou sondige neigings. Leer Hom ken en liefhê uit sy Woord en uit sy skepping. Genoeg om altyd mee besig te wees.

Bedreiging
God is ook 'n verterende vuur. Hy verdelg en verwoes ook. Hy haat en is jaloers. Alles wat Hom nie behaag nie, bedroef Hom en verwerp Hy. Almal wat teen Hom opstaan, vernietig Hy. En almal wat Hom geken het en Hom verwerp, sal Hy op sy beurt nie vergewe nie en vir ewig verwerp. Die hemel bestaan regtig. Die hel ook.

God het sy ewige raadsplan wat ons nie ken nie. Om dit uit te voer, het Hy ons nie nodig nie. Maar Hy wil ons wel daarby gebruik. Daarom het Hy sy Woord gegee, sodat ons voldoende kan weet wie Hy is, wat Hy van ons verwag, en hoe Hy wil hê ons dit moet doen. Ook het Hy sy Seun gestuur om vir ons sondes te sterf. Daardeur het Hy ons as sy kinders aangeneem, en Hy het die Heilige Gees gestuur om ons in staat te stel – die moderne woord is "om te bemagtig" – om te doen wat Hy van ons verwag.

Dit is alles deel van sy raadsplan wat ons nie verstaan nie, nie hoef te verstaan nie, maar waarvan ons wel deel mag wees. Hoe ongelooflik, magtig en pragtig is dit nie! Daar kan slegs een rede wees waarom ons nie met ons hele hart, siel en liggaam aan sy wil en sy raadsplan wil deelneem nie, naamlik as Satan, die wêreld en ons eie vlees ons verlei om dit nie te doen nie. En ons weet dat Satan God se groot vyand is, die vyand wat nie tou opgooi nie, hoewel hy weet dat hy in beginsel al verloor het.

Waarom dan jou gewig by 'n verloorder, 'n ewige verloorder, ingooi? Daar kan net een rede wees. Omdat jy van geaardheid net soos Satan sondig is, geneig tot alles wat verkeerd en kwaad is.

Dit kan jy net begin besef as jy God se Woord lees, smekend en biddend in sy kerk jou kragte gee, die sakramente wat God gegee het, gebruik, met sy mense omgaan, en alle kwaad en verkeerde mense uit jou lewe ban. Dit word "heilsmiddele" genoem. Gebruik dié middele met oortuiging. Dit is al wat God van jou vra. Vir die res sal Hy sorg.

'n Mens kan dit alles onder die een groot noemer plaas: Soek eers God se koninkryk en sy geregtigheid. En alles in die lewe staan in hierdie perspektief.

R. van der Kooy (met toestemming oorgeneem uit *Kerk en Woord*, Maart 2004)

VERHOUDINGS

Anneke Eefting

Die Here het kameraadskap geskep en die kroon daarvan is die huwelik. Niemand wil alleen wees nie. Elkeen van ons is geskape met die verlange na kameraadskap; iemand om jou lewe mee te deel, 'n luisterende oor vir jou drome en hoop, 'n troos en verstaan in jou teleurstellings en mislukkings; 'n hand om vas te hou tydens sukses en oorwinnings; 'n hart om jou vrese en pyn aan toe te vertrou; 'n sielsmaat om saam te deel en groei in die liefde en kennis van ons Here en Redder Jesus Christus; 'n bemoedigende glimlag en sagte aanraking vir 'n vermoeide reisiger op die lewensreis. Om onvoorwaardelik liefgehê te word – net soos wat jy is. WOW! Ek weet nie van jou nie, maar dít is iets wat ek begeer. Wat 'n skat, 'n waardevolle geskenk, 'n vreugde wat geen woorde kan omskryf nie.
(Vrye vertaling van 'n artikel uit die *Truth Magazine*, April 2004)

Hoe toets ek 'n verhouding?

Kan ek saam met hierdie persoon in my lewe die Here dien en aanbid?
Die grondslag van ons lewe is immers Matthéüs 22:37 – 39:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Sou jy aan jouself 'n belofte maak en dit dan nie nakom nie?
Sou jy met jou eie hart speel en dan omdraai en lag?
Sou jy aan jouself mooi praatjies vertel en niks daarvan bedoel nie?

Soek jy self na iemand of liefde?
Indien jy self op soek is na liefde, gaan jy die soort liefde kry in die tipe plek waar jy dit soek. Onthou die volgende in 2 Korinthiërs 6:14 – 16:

"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid en watter gemeenskap het die lig met die duisternis."

As Christen moet jy God eerste stel in jou lewe. Sodra jy nie gehoor gee aan Paulus, dit wil sê, God se waarskuwing nie, dan gaan jou meisie of ou ander prioriteite as jy hê. Miskien hulleself, fees hou, sport, ander dinge, of dalk selfs jy.

Bêre in jou hart wat die Prediker sê in Prediker 4:12: "Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou kan nie maklik breek nie."

Hooglied 8:6
"Want die liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here."

God se liefde
Hooglied
God gee die liefde tussen een man en een vrou
Tou tot aan die dood
Vertrou op God se plan met jou lewe

God bepaal:
of
wanneer
wie

Wêreld se liefde
Dit is 'n gevoel in jou hart
Jy kan meer as een liefhê
Die liefde is kort van duur
Volg jou eie hart

Voel jy ook so?

"EK GLO AAN DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES ..."

Ons hoor dit elke Sondag, maar dring dit wel altyd deur tot ons harte? Glo jy regtig in die gemeenskap, sien jy dit in die kerk, werk jy self daaraan saam? Is jy daar vir iemand as hy/sy jou nodig het, selfs sonder dat daarvoor gevra is? Of dink jy: "Die mense kan mos sien ek is besig, ek het regtig wel beter dinge om te doen as om alweer na haar probleme te

luister." En die dag wat jy hulp en 'n luisterende oor nodig het, moet die ander wel daar wees vir jou, want anders is hulle verskriklik egoïsties.

Gee ons genoeg om vir mekaar as broeders en susters in God se groot familie? Dink ons genoeg aan mekaar se gevoelens of skinder ons maar net rond en bond – ons vertel mos net die waarheid! God eis van ons dat ons ons naaste sal liefhê soos onsself.

Om hierdie gemeenskap tussen ons en ons naaste reg te kry, moet daar egter ook 'n goeie verhouding tussen God en ons bestaan. Is ons lewe gefokus op God of op ons eie plesier? Is dit nie baie keer so dat ons maar net leef vir onsself en aan die einde van die dag agterkom dat God ook nog bestaan nie? Miskien is dit bietjie te grof gestel; ons vergeet God nie met opset nie, maar ons is net te besig om 'n tydjie aan Hom af te staan. En altyd moet ons dan weer beskaamd staan teenoor Christus wat sy lewe gegee het vir ons en God, ons Vader, wat sy hele "lewe" al besig is om vir ons te sorg.

Juis deur in dankbaarheid teenoor God te lewe sal ons beter in staat wees om die gemeenskap van die heiliges in ons kerk en sameleweing te beoefen. Ons wil die liefde wat God ons gee dan uitdra na ander toe – na ons naaste. Laat ons ons dan ook in die tyd wat voorlê inspan om as Christene sy liefde te betoon en só in die gemeenskap van heiliges saam te lewe.

Deur die sleutelgat

Wees gegroet, alle Sleutelgatloerders!

Soos julle miskien bemerk het, het daar laas uitgawe geen sleutelgat verskyn nie.
En almal was in sak en as ... Dit is te danke aan die nuwe baadjie wat die sleutelgat aangetrek het. Ja, waar ons altyd geweet het wie die sleutelgat opgestel het, is daar besluit om die sleutelgat oor te gee in my bekwame hande. (As ek self so mag sê.) Elke goeie skrywer wat anoniem wil bly, word genoop om 'n pseudoniem aan te neem. So welkom almal, ek's Genis soos in Koöperasie-stories.

Die vakansie was 'n doenige een, maar stadig om aan die gang te kom. Heel aan die einde kan ek die draad op tel. Toe almal besef die vakansie kom tot 'n einde, het daar beweging gekom. 'n Klomp moedige stappers onder leiding van padvinder Ilze het vanuit *base camp* Kirstenbosch vir Skeleton Gorge aangepak. Ooggetuies, waaronder die voorhoede van die Weermag, het getuig van die ongelooflike pas wat die groepie volgehou het. Al geraamtes wat bemerk is, was die Sondag in die kerk! Die apteke het opgemerk dat hul Voltaren- en Deep Heat-voorrade skielik opgeraak het. Die dames –Olga, Henriëtte en Elise – het voorop gestorm met die stoetbulle of veterane wat agteraan strompel. Ilze het al nuwe planne vir 'n volgende stap wat meer van 'n uitdaging is, so hou maar die pers dop.

Die begin van die semester was maar 'n rustige affêre. Die ratte moet seker maar nog almal so 'n bietjie geolie word en om dan die koppelaarpedaal in te trap en oor te skakel na die hoër ratte, word ook maar teësinnig gedoen. Daar was dus 'n handjievol Sondagaande se koffiedrink en een jeugvereniging om oor te besin ...

Daar was in sekere kringe opwinding te bespeur en die oorsaak is vasgestel as die gebeurtenis in mens se lewe amper so groot soos jou troue (miskien net 'n titseltjie goedkoper!) ... matriekafskeid. Daar is 'n paar dames wat naarstiglik op soek is na rokke met die nodige gesnuffel in al wat mode- en bruidstydskrifte is. Ja, ouens, wees gewaarsku dié twee gebeurtenisse in jou lewe vat vroue vir een of ander rede baie ernstig op. Hoop julle geniet dit hoor!

Gereeld word daar natuurlik by koffiedrink kaart gespeel met alles wat in 'n ontspanne atmosfeer gedoen word. Verkeerd! Daar is 'n hewige stryd om die posisie van kaart-koning. Tot op hede is daar nog net een sterk aanspraakmaker genaamd

Harold. Ons sal in die toekoms hierdie nuwe kaartsensasie dophou en dalk 'n paar feite oor vernuftige spelers opdis. Volgende week word die toernooi, waarvan Kasparov nie die gelyke van gesien het nie, in oënskou geneem. Ook Magriet in memorandium. Die wel en wee van ons vertrokke suster, en al die nodige oor die jeug in die Kaap.

Totsiens leser.

VOETSPOOR

Soos genoem in die vorige uitgawe van *Die Olielamp* het Marius sy party gehou omdat hy verjaar het. Dit is nou al seker eeue terug (of eerder: net-net minder as 'n jaar, die volgende verjaarsdag blink al op die horison), maar tog die moeite werd om genoem te word, want dit is met soveel trompetgeskal aangekondig in die vorige uitgawe.

Marius se hele leenhuis was stampvol mense en almal het hulle eie gang gegaan op 'n baie beskaafde manier. Marius het die kombuis beheer soos geen ander kan nie en hieruit het sy kranige vermoë tot organisering weereens deurgeskemer. Die sitkamer is beheer deur temperatuur, want soos u weet, is ons geliefde Pretoria nogal koud in die Juniemaande en sodoende was 'n *open haard* die trekpleister vir kouvatters, soos Petra en ander koudbloediges.

In die vakansie het verskeie gaste ons kom besoek. Eerstens was Ilze hier vanuit die Kaap, wat natuurlik Alex se hart laat spring het en toe na-aap Chrisjan haar maar weer en kom per verrassing ook. Net Jan-Gerryt (hy is *by the way* 'n boetie ryker en 'n nagrus armer) het geweet. Groot chaos is voorspel, en jawel hoor, die voorspellings is bewaarheid. Gelukkig het Sjirk toe rus in die wereld gebring, want ons weet darem dat Sjirk nou nie 'n man is vir buitensporige chaos en onrus nie. Hy het vir Elizabeth kom kuier en dit was goed om hom hier te hê. Almal is hartlik welkom om weer te kom.

Net toe die mense dink die chaos het tot 'n hanteerbare wantoestand gestabiliseer, toe oorval die Nederlanders ons almal. Rikus en Gerrit Odding, asook Gonnie de Vries is redelik ou bekendes (dit is: redelik bekend, die ouderdom *valt wel mee*), want hulle het voorheen hier gebly. Maar Gerrit en Rikus se vriend Jaap, is nie oud nie en ook nie bekend nie. Hy het egter gou genoeg sy bekendheidstatus opgestoot na respektabele hoogtes. Toe kom tot oormaat van ramp Cornelis en sy meisie ook hierheen en dit was nou met reg ou bekendes. Sy meisie was ook sommer gou 'n bekende (*by the way*, haar naam is Gretha) en dit was goed om Cobber weer te sien, en dan sommer met aanhangsel: twee vlieë met een klap!

Dit was weer sulke tyd. Tyd vir die Oranje koors wat uitbreek by goed aangeskrewe gemeente- en veral jeuglede. Mense wat 'n rustige lewe lei en dan eweskielik in Oranje fanate verander. Om 'n voorbeeld te noem: wie het ooit gedink dat Willemien Ros die skeidsregter sal vermaan met 'n gesonde ontsteldheid? En wie sou nou voorspel het dat Ronald sy suurverdiende sakgeld sal uitgee vir 'n oranje hoofdeksel? En het iemand verwag dat Floris sal kan *insane* raak oor The Beautiful Game? O nee, dit het ons *actually* almal g*eweet*. In elk geval, om 'n lang storie kort te maak: ons het weer opgetrek na die wedstryde van die Nederlands Elftal van die EURO 2004 en ons was oranje. Net Alfred was nie. Hy *support* nie Oranje nie, hy *support* sokker. Soos hy self so mooi poëties verduidelik: "solank sokker aan die einde van die dag wen". Wat 'n troos vir sportliefhebbers. Al verloor jou span 14-0 (en Willem Hofsink, Arnold, Boudjies en Ranko sal dit met my kan beaam), moenie omgee nie; sokker het gewen! Kritici meen egter dat Alfred nie soseer aan sokker se kant is nie, maar eerder anti-Oranje. Hierdie anargie kan bewys word uit die feit dat sommige lede van die jeug hom al betrap

het dat hy vir Kazakhstan, Faer-Oer en ander sokkermoonthede geskree het toe hulle teen "ons" gespeel het. Maatreëls sal nog geneem word.

Na al hierdie dinge, het dominee Kleyn sy amps- en huweliksjubileum gevier met 'n gepaste geselligheid. Hier het Boudjies naam gemaak as *satyrical* Aussie, *and how we love 'em, mates!* Blykbaar gaan dominee Kleyn nou 'n kontrak vir Boudjies aanbied sodat hy, elke keer as die gesin Kleyn hulle Waltzing Australia mis, gou kan kom kuier en agter die skerms so 'n paar keer 'n paar opmerkings maak. Sodoende hoop die familie om twee kontinente (so in stryd verwikkel deur die jare heen) nader te bring aan mekaar.

En hier stop die verslag. Indien u wil *feature*, sorg dat u opval. My assistent-voetspoor sal hoogswaarskynlik u met arendsoë dophou en as u volgende maand op dieselfde plek u naam sien verskyn, moenie skrik nie, *smile*, want u is op *candid cam* … o nee, Voetspoor.

Dank u.



PA VERGEET

- W. Livingston Larned -

Luister, seun: Ek sê dit terwyl jy lê en slaap, met een klein handjie opgevou onder jou wang en die blonde krulle klewerig teen jou klam voorkop. Ek het alleen by jou kamer ingesluip. Net 'n paar minute gelede, terwyl ek my koerant in die biblioteek sit en lees het, het 'n verstikkende golf van berou oor my gespoel. Ek het skuldig na jou bed gekom.

Dit is die dinge wat ek gedink het, seun: Ek was kwaad vir jou. Ek het met jou geraas terwyl jy jou vir skool aangetrek het omdat jy jou gesig net 'n vee met die handdoek gegee het. Ek het jou aangespreek omdat jy nie jou skoene skoongemaak het nie. Ek het kwaai op jou geskreeu toe jy van jou goed op die vloer gegooi het.

By ontbyt het ek ook fout gevind. Jy het gemors. Jy het jou kos heel ingesluk. Jy het jou elmboë op die tafel gesit. Jy het die botter te dik op jou brood gesmeer. En terwyl jy weggedraf het om te gaan speel en ek na die trein begin aanstap het, het jy omgedraai en met jou hand gewuif en uitgeroep: "Tot siens, Pappa!" Ek het gefrons en geantwoord: "Trek jou skouers terug!"

Laatmiddag het dit weer van voor af begin. Terwyl ek die straat op gestap gekom het, het ek jou gewaar, op jou knieë, besig om albaster te speel. Daar was gate in jou kouse. Ek het jou voor jou vriende verneder deur jou voor my uit te laat marsjeer huis toe. Kouse is duur - en as jy hulle self moes koop, sou jy versigtiger gewees het! Verbeel jou dit, seun, van 'n pa!

Onthou jy later, toe ek in die biblioteek gelees het, hoe jy bedees ingekom het, met 'n soort seergemaakte blik in jou oë? Toe ek bo-oor my koerant geloer het, ongeduldig oor die onderbreking, het jy by die deur gehuiwer. "Wat is dit wat jy wil hê?" het ek kortaf gevra.

Jy het niks gesê nie, maar wild deur die vertrek gestorm, jou arms om my nek gegooi en my gesoen, en jou klein armpies het my styf vasgehou met 'n liefde wat God in jou hart laat bloei het en wat selfs verwaarlosing nie laat verwelk het nie. En toe was jy weg, by die trap op.

Wel, seun, dit was kort daarna dat my koerant uit my hande gegly en 'n aaklige, sieklike vrees oor my gekom het. Wat het die mag van die gewoonte aan my gedoen? Die gewoonte om fout te vind, om te raas - dit was my beloning aan jou omdat jy my seun is. Dit is nie dat ek jou liefhet nie; dit is dat ek te veel van jeugdigheid verwag het. Ek het jou gemeet aan die maatstaf van my eie jare.

En daar is so baie wat goed en edel en opreg is in jou karakter. Daardie klein hartjie van jou is so groot soos die dagbreek self oor die uitgestrekte heuwels. Dit is bewys deur jou spontane impuls

om in te hardloop en my goeienag te soen. Niks anders maak vanaand saak nie, seun. Ek het in die donker na jou bed toe gekom, en ek het daar gekniel, in skaamte!

Dit is maar 'n powere boetedoening; ek weet jy sou hierdie dinge nie verstaan as ek dit aan jou moes vertel terwyl jy wakker is nie. Maar more sal ek 'n regte pappa wees! Ek sal met jou maats wees, en ly wanneer jy ly, en lag wanneer jy lag. Ek sal my tong vasbyt wanneer ongeduldige woorde kom. Ek sal aanhou sê, asof dit 'n ritueel is: "Hy is niks meer nie as 'n seuntjie - 'n klein seuntjie!"

Ek is bevrees ek het jou as 'n man gevisualiseer. Maar soos ek jou nou sien, seun, opgekrul en moeg in jou bedjie, sien ek dat jy nog 'n baba is. Gister was jy in jou ma se arms, jou kop op haar skouer. Ek het te veel gevra, te veel.

Pleks van mense te veroordeel, kom ons probeer hulle verstaan. Kom ons probeer begryp waarom hulle die dinge doen wat hulle doen. Dis baie meer winsgewend en interessanter as kritiek; en dit kweek simpatie, verdraagsaamheid en goedhartigheid. "Om alles te weet, is om alles te vergewe."

"God self is nie voornemens om die mens te oordeel tot die einde van sy dae nie."

Hoekom sou ek en jy?

NEEM HEEL MIJN LEVEN

EEN FLUIT VAN RIET

Misschien is dit nog wel het moeilijkst, Heer:
mijn hele leven in Uw hand te leggen.
Waarom heb ik het zelf niet voor het zeggen,
ik voer tenslotte toch geen wanbeheer?

Mijn plannen liggen allemaal al klaar.
U hoeft ze nog alleen maar goed te keuren.
Ik weet precies hoe alles moet gebeuren.
K heb alles, tot het eind toe, voor elkaar.

Maar op het onverwachtst verschijnt U op mijn pad
en laat mij voor Uw rode stoplicht wachten.
Want Uw gedachten zijn niet mijn gedachten,
en nimmer gaat U met mij in debat.

Ik heb geen inspraak en geen zeggenschap.
Ik moet het alles aan U overlaten.
En lang niet altijd zie ik resultaten,
zodat ik niets meer van Uw daden snap.

Dan ben ik als een kind, dat dwingt en zeurt
omdat het vader maar niet kan begrijpen.
Dan zie ik niet dat Gij Uw kind ren keurt
en als juwelen voor Uw kroon wilt slijpen.

Vergeef mij Vader, als ik mij verweer,
als ik mij bij Uw wil niet neer kan leggen.
Leer mij, al is het aarzelend, toch zeggen:
neem heel mijn leven in Uw handen, Heer!

E. Ijskes-Kooge

VERJAARSDAE

Bethal		Teo Boessenkool	13-Okt	Janneke van der Hout	14-Okt
Leclue Nienaber	12-Sep	**Kaapstad**		Marinus Boon	15-Okt
Eugene du Preez	13-Sep	Chrisjan van Alten	23-Sep	Johan de Vente	16-Okt
MC Bergh	20-Sep	Jan Geerts	12-Okt	Johannes Bosman	26-Okt
Sunelle Maritz	20-Sep	Annemarie Eefting	13-Okt	**Pretoria**	
Marizelle Bisset	8-Okt	Clarisse	17-Okt	Liza de Vente	4-Sep
Le Roï Nienaber	30-Okt	Adrian	24-Okt	Marius de Jager	8-Sep
Johannesburg		**Maranata**		Magriet Smit	19-Sep
Eunice Boessenkool	27-Sep	Mirjam de Vries	16-Sep	Lois Boon	29-Sep
Talita Boessenkool	4-Okt	Cornelia Kerkhoff	20-Sep	Erik Bosker	9-Okt
Celeste Boessenkool	11-Okt	Hester van der Meulen	27-Sep	Ronald Kamphuis	27-Okt
				Arian Biiker	28-Okt